

# Die predikant: bewaker of veranderingsagent in 'n tydperk van transformasie? 'n Sosiaal-sielkundige perspektief

Albert V. Potgieter, P.M. Heyns & G.B. Roux  
Departement Sielkunde  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

## Abstract

*South Africa finds itself in a transition period on its way to a non-racial democracy and an integrated society. This is in contrast to a past characterized by apartheid. In this transition period, many South Africans and members of the Dutch Reformed Church (DRC) struggle with questions and uncertainties concerning a future dispensation for the country and the church issues that need to be addressed. The question is whether the DRC, and specifically the minister, can play an active role in the transition to an integrated South Africa by, for instance, facilitating acceptance, understanding, peace and reconciliation among church members of all races within the congregation and wider contexts. It is probable that ministers have questions concerning their own role, as well as the role that church members expect of them to play during this transition period.*

*In this article, church members' role prescriptions for the minister in the transition period to an integrated South Africa and church are discussed from a social psychological perspective. An empirical study was undertaken and the results showed that the political conviction and age of church members had a significant influence on the role that they prescribed for the minister during this transition period.*

## 1. Inleiding

Suid-Afrika beleef tans 'n dinamiese tydperk van snelle verandering wat in alle fasette van die samelewing neerslag vind. Hierdie tydsgewrig word beskryf as 'n oorgangstyd, 'n tydperk van transformasie, waarin die ou era byna verbygegaan het, maar die nuwe nog nie ingetree het nie (Rossouw, 1990:90). 'n Doelstelling van die oorgangstydperk (onderhandelings tydperk) is die daarstelling van 'n nie-rassige regeringsbestel, verteenwoordigend van alle Suid-Afrikaners en die progressiewe ontvouing van 'n geïntegreerde samelewing en gemeenskappe. Hierdie uitgangspunt is in teenstelling met 'n verlede wat deur apartheid gekenmerk is.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) staan nie buite hierdie sosio-politieke veranderinge nie, maar vorm deel van die gesprek oor verandering en aanpassing. Baie lidmate worstel met vrae en vertwyfeling oor die toekoms van die land en kerk en koester bepaalde verwagtinge oor wat 'n toekomstige (nuwe) Suid-Afrika vir sy inwoners, en die NGK vir sy lidmate, moet inhou (Rossouw, 1990:90; Van der Merwe, 1990:688).

Die vraag is of die NGK, en in besonder die predikant, 'n aktiewe rol te speel het in die oorgangsfase na 'n geïntegreerde Suid-Afrika, deur onder andere begrip, aanvaarding, vrede en versoening onder lidmate van alle kleure binne die gemeentelike en wyer konteks te fasiliteer (Heyns, 1991:12; Huber, 1991:15; MacLennan, 1991:12; Pieterse, 1991:1; Van der Linde, 1990:19). In hierdie opsig het predikante waarskynlik vrae oor wat hulle bydrae behoort te wees en wat die lidmate in hierdie tydsgewrig van hulle verwag (Kellerman, 1988:2; Van Vuuren, 1990).

In hierdie artikel word rolvoorskrifte van kerkraadslede vir die predikant in die oorgangsfase na 'n geïntegreerde gemeenskap en kerk bespreek, en word enkele veranderlikes geïdentifiseer wat 'n invloed op kerkraadslede se rolvoorskrifte vir die predikant in die genoemde oorgangsfase uitoefen. Alhoewel die onderwerp raakvlakke toon met die teologie, politiek en sosiologie, bied hierdie artikel primêr 'n sosiaal-sielkundige perspektief en word daar gevolglik slegs gekonsentreer op 'horisontale' behoeftes en verwagtinge van kerkraadslede rondom die predikant se rol in die gemeente. Om hierdie rede word die studie nie soseer teologies-prinsipiële begrond nie, maar vorm kerkraadslede se houdings oor 'n veranderende Suid-Afrika en kerk die uitgangspunt, en die gevolglike effek daarvan op die rol wat hulle vir die predikant in hierdie tydsgewrig voorskryf.

## **2. Vertrekpunt**

Ten einde die hieropvolgende empiriese ondersoek rondom rolvoorskrifte vir die predikant binne 'n bepaalde raamwerk te plaas, word enkele belangrike veranderinge in die land en die NGK oor die afgelope paar jaar vervolgens kortliks belig. Hierdie veranderinge in die land en kerk het die noodwendige gevolg dat verskillende kerkraadslede verskillende houdings openbaar teenoor die veranderinge wat plaasgevind het. In die artikel sal dit uitgewys word dat kerkraadslede se houdings verskil en uiteindelik hul rolvoorskrifte vir die predikant beïnvloed.

### **2.1 Veranderinge in die land en kerk**

- \* Op *kerklike terrein*, word daar in die beleidstuk *Kerk en samelewing* wat in 1986 deur die Algemene Sinode van die NGK aanvaar is, die oortuiging uitgespreek dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie en dat die poging om so 'n voor-

skrif uit die Bybel te regverdig as fout erken en uitgewys word (Kinghorn, 1990:22; Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1986:52). In 1990, met die hersiene *Kerk en samelewing*, is die uitspraak herhaal en is die beleid van apartheid in selfs skerper woorde as sonde veroordeel (Anon. (a), 1990:4; Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1990).

- \* In die beleidstuk *Kerk en samelewing*, sowel as die hersiene stuk van 1990, word dit ook baie duidelik gestel dat die NGK se deure oop is vir almal wat die leer van die NGK bely, ongeag ras. Dit kom daarop neer dat geloof in die Drie-enige God, sy openbaring in die Skrif en die verwoording hiervan in die aanvaarde Belydenisskrifte, die enigste voorwaarde is om 'n lidmaat van die kerk van Jesus Christus, en daarom ook van 'n gemeente van die NGK te word (Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1986:45 – paragraaf 265).
- \* Daar het sedert 1990 veral op *sosio-politieke terrein* ingrypende veranderinge plaasgevind. Die belangrikste hiervan was waarskynlik die ontbanning van verbode politieke organisasies soos die African National Congress (ANC), die afskaffing van apartheid (die *Wet op Afsonderlike Geriewe*, die *Groepsgebiedewet*, die *Bevolkingsregistrasiewet* en die *Wet op Swart Grondbesit*) en die betreding van 'n formele onderhandelingsfase op 20 Desember 1991 (KODESA 1), met die doel om 'n nuwe regering daar te stel (Contreras & Whitmore, 1991:32; Contreras, 1991:24; Hansard, 1990:12; Greenwald, 1991:50). In Maart 1992 is daar deur die Nasionale Party (NP) regering 'n referendum onder die blanke kiesers gehou, ten einde 'n nuwe mandaat vir hervorming en die voortsetting van die onderhandelingsproses te verkry. Die uitslag van die referendum was dat 'n oorweldigende meerderheid, ongeveer 70% van die kiesers, gestem het dat hulle die onderhandelingsproses, en indirek die beëindiging van 'n verlede wat deur apartheid gekenmerk is, ondersteun (Emerson *et al.*, 1992:10).
- \* Die verwerping van apartheid deur die NGK as sonde, die oop lidmaatskap van die NGK, en die formele beëindiging van apartheid deur die regering, hou die volgende *waarskynlike implikasies* in:
  - Met die afskaffing van apartheid, veral die *Groepsgebiedewet*, en die onderhandelingsfase vir 'n nuwe regering, wat die einde van 'n apartheidsera verder onderstreep, kan daar aanvaar word dat Suid-Afrika 'n fase betree waarin tradisioneel blanke woonbuurte progressief al hoe meer geïntegreerd gaan raak.
  - Oop lidmaatskap, en die verwerping van apartheid deur die NGK as sonde, beteken dat NGK-gemeentes selfs voor formele kerkeenheid onder die NG Kerkfamilie bereik is, 'n mate van integrasie kan beleef. Kampusgemeentes, wat bestaan uit studente verteenwoordigend van die hele NG Kerkfamilie wat op die UOVS-kampus resideer, is reeds 'n praktiese voorbeeld hiervan. Hierdie integrasie van NG gemeentes sal progressief toeneem.

- Die progressiewe integrasie van die NGK is moontlik, vanweë die inhoud van die genoemde paragraaf 265 van *Kerk en samelewing*. Aansluiting by die NGK vind volgens Smit (1990:78) egter nie meganies plaas nie, maar op 'n “Kerkordelike en verantwoordelike” wyse. Soos die aansluiting binne die NG Kerkverband van lidmate (Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, Nederduitsch Hervormde Kerk en Nederduitse Gereformeerde Kerk) hanteer is, word dieselfde gebruik volgens hom uitgebrei om ook lidmate uit gemeentes van die NG Kerkfamilie in te sluit.

## **2.2 Die houdings van lidmate verskil**

Wat egter duidelik blyk, is dat alle inwoners van Suid-Afrika en alle lidmate van die NGK nie eenstemmig ten gunste is van die veranderinge wat in die land en kerk plaasgevind het, of aan die plaasvind is nie. Enkele voorbeelde word vervolgens aangehaal ten einde hierdie stelling te ondersteun:

- \* Die oop lidmaatskap van die NGK en die veroordeling van die beleid van apartheid was in 'n groot mate verantwoordelik daarvoor dat 'n groep konserwatiefdenkendes die NGK teen die einde van 1986 verlaat het en hul eie kerk, die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) gestig het (Kinghorn, 1990: 21).
- \* Reaksie op die gebeure by die kerkleierskonferensie in Rustenburg teen die einde van 1990, waartydens professor Willie Jonker (wat nie 'n amptelike lid van die NGK-afvaardiging was nie) 'n skuldbelydenis oor apartheid gedoen het, was wyd uiteenlopend. Sommige lidmate was hewig ontsteld oor die gebeure, terwyl ander dit as positief ervaar het (Bulger, 1991:10; Anon. (b), 1990:1).
- \* Met die referendum wat in 1992 gehou is, het ongeveer 30% van die land se blanke inwoners te kenne gegee dat hulle nie tevrede is met die ontwikkeling in die land en 'n onderhandelingspolitiek nie.
- \* Die besetting van die Wêreldhandelsentrum naby Pretoria op 25 Junie 1993 deur die regsgeesinde Afrikaner Volksfront is 'n verdere aanduiding van belaaide negatiewe emosies oor onderhandeling en die koers wat ingeslaan word met die daarstelling van 'n nuwe regering vir 'n nuwe Suid-Afrika (Johnson, 1993:10; Van Niekerk, 1993:2).
- \* Volgens 'n korrespondent het die optrede van 'n plaaslike leraar in Zastron, wat as voorsitter van die vredeskomitee 'n optog van die ANC gemonitor het, daartoe gelei dat lidmate uit 'n kerkdiens gestap het, dat hy dreigoproepe ontvang het; en dat mense geweier het om sy dienste by te woon, omdat hy volgens hulle “met die ANC heul”. As gevolg van hierdie verwikkelinge het 'n

mede-leraar uit die plaaslike vredeskomitee bedank (*Die Volksblad*, 1993-07-14).

- \* Volgens beriggewing het 'n ouderling en 21 gesinne gedreig om uit 'n Bloemfonteinse gemeente te bedank, aangesien 'n lid van die uitvoerende komitee van die ANC in die Vrystaat, 'n ouderling in die betrokke gemeente is (*Die Volksblad*, 1993-07-15).

Op grond van bogenoemde voorbeelde word die afleiding gemaak dat mense se houdings verskil oor die veranderinge wat in die land plaasvind. In dieselfde opsig verskil NGK-lidmate se houdings oor die veranderinge wat in die land, sowel as in die kerk, plaasvind. Sommige lidmate openbaar 'n positiewe houding teenoor die veranderinge, ander staan neutraal, terwyl daar ook lidmate is wat 'n negatiewe houding teenoor die verwickelinge in die land en kerk openbaar. Volgens Allport (1967:8) is 'n houding 'n verstandelike en neurologiese staat van gereedheid, wat deur ervaring georganiseer is, en 'n direkte en dinamiese invloed uitoefen op 'n individu se response op alle voorwerpe en situasies waarmee hy in verband staan. 'n Houding bestaan uit 'n affektiewe, kognitiewe en konatiewe komponent (Baron & Byrne, 1991).


Die *kognitiewe* komponent verwys na die wyse waarop die houdingsobjek waargeneem en daarvoor gedink word. Die kognitiewe komponent van 'n kerkraadslid se houding oor byvoorbeeld die rol van die predikant sal betrekking hê op wat hy van die predikant se taak in samehang met die sosio-politieke veranderinge in die land en kerk dink, dit wil sê sy kognitiewe waarneming daarvan. Die *affektiewe* komponent verwys na die gevoel omtrent die houdingsobjek. Sommige kerkraadslede sal byvoorbeeld negatief en ander positief voel oor die veranderinge in die land en kerk, en oor die wyse waarop die predikant daaraan moet deelhê. Die *konatiewe* aspek verwys na 'n persoon se wilshandelinge of wilsoptredes met betrekking tot die houdingsobjek. Die wyse waarop 'n kerkraadslid byvoorbeeld oor die veranderinge in die land en kerk en die predikant se betrokkenheid daarby dink en voel (houding), sal tot sekere gedrag lei, soos byvoorbeeld om die NGK te verlaat, of om neerhalende opmerkings oor swart lidmate te maak (negatiewe houding), of om andersyds die predikant moreel te ondersteun in sy poging om vrede te bewerkstellig (positiewe houding). Dit word aanvaar dat die meeste houdings aangeleer word, dat dit varieer in kwaliteit en intensiteit op 'n kontinuum vanaf positief deur neutraal tot negatief, dat dit relatief blywend van aard is; dat dit minder vatbaar vir verandering is namate persone ouer word; dat dit die wyse beïnvloed waarop mense inligting oor die wêreld prosesseer en verwerk en dat dit mense se gedrag beïnvloed.

Lidmate se houdings (positief, neutraal of negatief) is vir 'n ondersoek oor houdings belangrik, aangesien dit 'n invloed uitoefen op die verwagtinge wat hulle koester rondom, onder andere, die toekoms van die land en kerk. Wanneer 'n lidmaat byvoorbeeld 'n negatiewe houding teenoor die afskaffing van apartheid

openbaar, kan dit 'n invloed uitoefen op sy verwagtinge rondom 'n toekomstige bedeling vir die NGK, sodat hy byvoorbeeld kan verwag dat die NGK eksklusief blank moet bly (aparte kerke). Sy verwagtinge oefen gevolglik 'n invloed uit op die rol wat hy vir die predikant voorskryf (rolvoorskrifte), in die sin dat hy moontlik van die predikant sal verwag om te sorg dat die kerk blank bly, deur nie vorendag te kom met inisiatiewe soos byvoorbeeld 'n gesamentlike diens met 'n swart gemeente nie. Rolvoorskrifte verwys dus na die gedragswyses en houdings wat die samelewing, in hierdie geval lidmate, van 'n persoon (predikant) in 'n bepaalde rol verwag. Rolvoorskrifte word in hierdie opsig onderskei van rolverwagtinge, wat meer dui op die verwagtinge wat die predikant rondom sy eie rol koester (Gerdes, 1988:100).

Hierdie siening rondom houdings, verwagtinge en rolvoorskrifte kan skematies soos volg voorgestel word:

**Figuur 1: Die invloed van houdings op rolvoorskrifte**



Lidmate openbaar dus houdings (positief, neutraal of negatief) teenoor die veranderinge in die land en kerk. Hierdie houdings oefen 'n invloed uit op die lidmate se verwagtinge oor byvoorbeeld die toekoms van die land en kerk, of die rol wat die predikant moet speel te midde van die veranderinge. In hierdie opsig beïnvloed die lidmate se houdings en verwagtinge dus ook hul rolvoorskrifte vir die predikant in 'n oorgangsfase. Daar kan dus afgelei word dat aangesien die houdings van lidmate oor die verwickelinge in die land en kerk verskil, hul rolvoorskrifte vir die predikant in hierdie oorgangsfase ook sal verskil.

Alvorens daar egter gekyk word na lidmate se rolvoorskrifte vir die predikant in 'n oorgangsfase, word enkele standpunte oor die rol van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika baie kursories bespreek.

### **3. Die kerk se rol in 'n veranderende Suid-Afrika**

Uit menings wat in die openbare dagbladders (*The Sunday Star*, 1991-03-31, p. 12) uitgespreek is in 'n berig "Churches can help to heal South Africa's wounds" (kyk MacLennan, 1991:12), blyk dit dat die kerk, en per implikasie die leraars, veral 'n belangrike rol te speel het in die daarstelling van vrede en versoening onder die inwoners van Suid-Afrika. In hierdie berig word die volgende opinies uitgespreek: De Villiers glo dat die Christendom 'n kragtige en positiewe faktor in hierdie opsig kan wees. M. Nuttall noem dat mense mekaar met die oog op 'n gemeenskaplike doel moet ontdek, sodat daar in die proses 'n beter samewerking

na vore sal tree, terwyl F. Chikane dit stel dat mense geleer moet word om mekaar te vergewe en mekaar as mede-broers en -susters, en as mede-Suid-Afrikanners moet aanvaar. Die prediking van verdraagsaamheid, vergifnis en regstelling is vir hom in hierdie opsig belangrik. Plaaslike gemeentes moet volgens N. Koornhof deur gesamentlike dienste, projekte in die gemeenskap en barmhartigheidswerk mense leer om na mekaar uit te reik, terwyl C. April voel dat die kerk moet help om mense, na hul lang isolasie, te versoen deur gesindhede te verander. Mense moet aan mekaar blootgestel word volgens M. Hina, en die eilandbestaan moet deurbreek word, sodat mense mekaar leer ken vir wat hulle werklik is (Heyns). Naudé (1991:21) stel dit dat die kerk in die huidige klimaat van geweld in die land 'n baie spesiale rol het om te speel ten einde vrede teweeg te bring. Volgens hom behoort die kerk 'n versoenende rol tussen die verskillende groepe en magte in te neem en te poog om versoening te bewerkstellig. Volgens Huber (1991:15) moet die kerk in die oorgangsfase die bedienaar van versoening wees, terwyl lidmate deur gemeente-inisiatiewe tot 'n beter begrip en groter sensitiwiteit vir mekaar gebring moet word (Anon. (c), 1990:5).

Dit blyk dus dat die bewerkstelling van vrede en versoening onder al Suid-Afrika se inwoners op pad na 'n gefintegreerde gemeenskap en kerk veral belangrik is. Die kerk en leraar het wel hierin 'n rol te speel. Wat egter nie so duidelik is nie, is presies wat die predikant se rol moet wees, en hoe hy dit moet vervul. Esterhuise (1991:18) stel dit dat hy by verskeie geleenthede gekonfronteer is met die vraag of die kerke 'n rol te speel het in die prosesse wat tans in die land aan die gang is, en indien wel, wat hierdie rol moet wees. Volgens hom is die antwoord op hierdie vraag in beginsel ja. Wat hierdie rol in die praktyk moet en sal wees, is vir hom egter minder duidelik. Die onsekerheid en konflik wat predikante oor hul rol in die oorgangstyd ervaar, word in 'n artikel in die *Die Kerkbode* van 12 Julie 1991 weerspieël. In dié artikel stel Potgieter, moderator van die NGK, dat hy die afgelope tyd 'n hele aantal briewe gekry het van predikante wat vra dat kerkleiers tog nie uitsprake moet maak wat dit vir hulle in die gemeentes moeilik maak nie. Volgens hierdie predikante raak dit veral moeilik as dit oor sosio-politieke sake gaan. Soos die een predikant dit gestel het: 'Kan ons nie maar kontroversiële sake vermy nie?' In samehang hiermee blyk dit dat rolonsekerheid by predikante en onrealistiese verwagtinge van lidmate een van die stremmendste faktore in die bediening is, en dat hierdie vorm van stres deur die meeste predikante ervaar word (Johnson, 1980:33-38; Mace & Mace, 1982:151-159).

In die lig hiervan is die rol wat lidmate vir die predikant in 'n oorgangsfase voorskryf, en die houdingsveranderlikes wat 'n invloed op hierdie voorskrifte uitoefen, dus betekenisvol. Ten einde hierdie vraagstuk te help verhelder, is 'n empiriese ondersoek gedoen na die rolvoorskrifte van kerkraadslede vir die predikant, en is enkele veranderlikes geïdentifiseer wat hierdie rolvoorskrifte beïnvloed. Die rolvoorskrifte is spesifiek gemik op die rol van die predikant in die oorgangsfase na


'n geïntegreerde gemeenskap en kerk. 'n Uiteensetting van die empiriese ondersoek word vervolgens verskaf.

#### 4. Metode van ondersoek

##### 4.1 Doel

Die doel van die empiriese ondersoek kan skematies soos in figuur 2 voorgestel word:

**Figuur 2: 'n Voorstelling van die empiriese ondersoek**



Uit die skema blyk dit dat die ondersoek handel oor rolvoorskrifte wat kerkslede vir hulle predikant voorskryf tydens 'n oorgangsfase. Hierdie rolvoorskrifte is in ses kategorieë verdeel, naamlik prediking, gebede, kategese, eredienste, besoekwerk en algemene optrede. Ten opsigte van elk van hierdie kategorieë (veranderlikes) is daar inligting verkry ten einde die kerkslede se houding daartoe te ondersoek. Hierdie ses veranderlikes is as die afhanklike veranderlikes in die ondersoek benut. Voorts is die moontlike effek van enkele biografiese veranderlikes van die kerkslede, naamlik politieke oortuiging, sosio-ekonomiese status en ouderdom, op die bogenoemde ses afhanklike veranderlikes ondersoek. Hierdie drie biografiese veranderlikes het gevolglik as die onafhanklike veranderlikes in die empiriese ondersoek gedien.



## 4.2 Metode

Die empiriese ondersoek het bestaan uit kwantitatiewe opnamenavorsing wat deur middel van 'n gestruktureerde houdingsvraelys gedoen is. In die vraelys word daar van 'n houdingskaal gebruik gemaak. 'n Houdingskaal is eenvoudig 'n beoordelingskaal waarin die respondent beoordeel in watter mate hy met gegewe stellings saamstem of verskil (Huysamen, 1978:16).

## 4.3 Vraelyste

'n Vraelys is opgestel wat uit agt afdelings bestaan. Afdeling A was gerig op die respondent se *persoonlike besonderhede*. Afdeling B het gehandel oor die *prediking*. Kerkraadslede is byvoorbeeld gevra in watter mate hulle van die predikant verwag om te preek oor wat die Skrif sê oor die politieke situasie in Suid-Afrika; versoening tussen die verskillende bevolkingsgroepe in die land; of die kerk se standpunt oor apartheid. Afdeling C het oor die *diens van die gebede* gehandel, en kerkraadslede is gevra in watter mate hulle ondere andere van die predikant verwag om in die erediens meer spesifiek vir alle bevolkingsgroepe te bid, of van die predikant verwag om 'n gesamentlike biduur met 'n swart gemeente te reël. In Afdeling D is die rol van die predikant in die *eredienste* hanteer, en is daar byvoorbeeld aan die kerkraadslede gevra in watter mate hulle van die predikant verwag om by geleentheid 'n swart leraar uit te nooi om 'n erediens waar te neem, of in watter mate hulle van die predikant verwag om die gemeente daarop te wys dat die NGK se deure vir alle rasse oop is en dat almal by eredienste welkom is. Afdeling E het oor die *kategese-onderrig* gehandel, en kerkraadslede kon byvoorbeeld aandui in watter mate hulle van die predikant verwag om vooroordele teenoor anderskleuriges onder die jeug af te breek, of om gespreksgeleenthede tussen blanke en swart Christen-jeugdige te reël. Afdeling F het oor *besoekwerk* in die gemeente gehandel, met vrae soos: In watter mate moet die predikant anderskleurige lidmate in die gemeente besoek, of tydens huisbesoek mense se vrese oor 'n toekomstige Suid-Afrika hanteer? Die laaste afdeling, Afdeling G, het gehandel oor die *algemene optrede* van die predikant, en het 'n paar *algemene vrae* bevat. Vrae soos of dit die predikant se taak is om 'n fasiliterende rol in die veranderingsproses na 'n geïntegreerde samelewing te speel, en of dit die predikant se taak is om hom suiwer by 'n neutrale rol in die oorgangproses te hou, is in dié afdeling gevra.

Bogenoemde vrae is enkele voorbeelde ten einde die inhoud van die verskillende afdelings in die vraelys toe te lig. Die inhoud van die vrae wat in die vraelys gebruik is, bestaan dus uit voorskrifte vir die predikant se rol in 'n veranderende Suid-Afrika en kerk, met die doel om kerkraadslede se houdings oor die inhoud daarvan te meet. 'n Hoë gemiddelde telling op die verskillende items sou daarop dui dat die respondente positief ingestel is teenoor die inhoud van die houdings-

tellings wat in die verskillende kategorieë vervat is, terwyl 'n lae gemiddelde telling daarop sou dui dat die respondente negatief teenoor die inhoud van die stellings ingestel is.

Die *betroubaarheid* (alfa-koëffisiënt) van die 6 afdelings van die houdingsvraelys is bepaal (Cronbach, 1951). Volgens Huysamen (1978:66) verskaf die alfa-koëffisiënt 'n aanduiding van die interne konsekwentheid van 'n subskaal. Die alfa-koëffisiënte het gewissel van 0,71 tot 0,83. Hierdie tellings het 'n aanduiding gegee dat al ses die subskale (afdelings) se betroubaarheid aanvaarbaar is, sodat dit wel in die vraelys en studie gebruik kon word.

#### 4.4 Respondente

Vanuit die Bloemfonteingebied is drie NGK-gemeentes doelbewus, en dus op 'n nie-ewekansige wyse, geselekteer. Die selektiewe steekproef was daarop gemik om 'n verskeidenheid gemeentes by die ondersoek te betrek. In hierdie opsig is 'n oorwegend hoër sosio-ekonomiese, en 'n oorwegend laer sosio-ekonomiese gemeente geselekteer. Die derde gemeente het bestaan uit die studentegemeente, met die oog daarop om 'n groot genoeg groep jonger kerkraadslede in die ondersoek te betrek. Die meerderheid kerkraadslede in hierdie drie gemeentes het die vraelys voltooi sodat die navorser inligting oor die genoemde veranderlikes kon bekom.

Die totale ondersoekgroep het uit 183 *respondente* bestaan. Onder die *respondente* was 132 *manlik* (72,1%) en 51 *vroulik* (27,9%), terwyl die groep verder uit 78 *ouderlinge* (48,4%) en 83 *diakens* (51,6%) bestaan het. Onder die *respondente* was daar 22 wat nie hul amp aangedui het nie.

Aangesien die drie geïdentifiseerde biografiese veranderlikes (politieke oortuiging, sosio-ekonomiese status en ouderdom) benut is by die ontledingsfase, is dit nodig om te kyk na die verspreiding van die ondersoekgroep wat hierdie veranderlikes betref.

##### \* *Politieke oortuiging*

Onder die *politieke oortuiging* van die kerkraadslede word daar meer spesifiek bedoel of die persoon oorwegend vir of teen die sosio-politieke verandering in Suid-Afrika is. Die verandering waarna daar verwys word, is hoofsaaklik ener syds die afskaffing van apartheidswetgewing en andersyds onderhandelinge vir 'n demokratiese regeringsbestel, verteenwoordigend van al die bevolkingsgroepe in die land.

Die kriteria wat gebruik is om te bepaal of 'n kerkraadslid vir of teen verandering is, was die politieke party en politieke leier wat hy aangedui het in die vraelys. Indien hy byvoorbeeld op die vraag: 'Watter politieke party hou volgens u die meeste potensiaal in om 'n oplossing vir die landsprobleme te bewerkstellig', 'n

party soos die Demokratiese Party of Nasionale Party aangedui het, is hy in die veranderingsgesinde groep geplaas. Indien hy 'n party soos die Afrikaner Volksunie of Konserwatiewe Party aangedui het, is hy in die groep teen verandering geplaas. Dieselfde het gegeld ten opsigte van die politieke leier by wie die kerkraadslid die meeste aanklank gevind het. Indien hy aangedui het dat dit byvoorbeeld F.W. de Klerk is, is hy in die veranderingsgesinde groep geplaas. Indien die respondēt 'n leier soos wyle Andries Treurnicht aangedui het, is die respondēt in die groep teen verandering geklassifiseer.

Die verdeling op grond van politieke oortuiging was uiteindelik dat 73% van die kerkraadslede *vir verandering* was terwyl 27% kerkraadslede *teen verandering* gekant was.

\* *Sosio-ekonomiese status*

Die kerkraadslede is ten opsigte van *sosio-ekonomiese status* in drie groepe verdeel. Die verdeling is bloot op grond van die gesin se gesamentlike jaarlikse inkomste gedoen. Die *laer sosio-ekonomiese groep* was die kerkraadslede met 'n gesamentlike inkomste van minder as R40 000 per jaar en het 28,9% van die totale groep uitgemaak. Die *gemiddelde groep* se inkomste het uit R40 000 tot R80 000 per jaar bestaan (39,3% van die kerkraadslede) en die *hoër sosio-ekonomiese groep* was die groep met 'n gesamentlike inkomste van R80 000 tot meer as R100 000 per jaar (31,8% van die kerkraadslede).

\* *Ouderdom*

Die derde onafhanklike veranderlike was *ouderdom*. Die kerkraadslede is op grond van hulle ouderdom in twee groepe verdeel. Die eerste groep het bestaan uit kerkraadslede wat *25 jaar en jonger* was (51,4% van die totale groep), en die tweede groep uit kerkraadslede wat *26 jaar en ouer* was (48,6% van die totale groep). Die verdeling op grond van ouderdom was dus baie eweredig.

#### 4.5 Navorsingshipoteses

- (1) Daar is in 2.2 uitgewys dat lidmate se houdings teenoor die veranderinge in die land en kerk verskil. Wanneer daar dus van die standpunt uitgegaan word dat politieke oortuiging as't ware 'n tros houdings verteenwoordig (dit is 'n groepering van mense se houdings oor onder andere anderskleuriges, integrasie, vryheid, menseregte, geregtigheid ensovoorts), dan beteken dit dat politieke oortuiging 'n rol behoort te speel in die wyse waarop die sosio-politieke veranderinge in die land, en die veranderinge in die kerk, deur die lidmate geëvalueer word. Aangesien lidmate se houdings 'n invloed op hul verwagtinge rondom die predikant se rol uitoefen, kan daar afgelei word dat die politieke oortuiging van die kerkraadslede 'n invloed sal uitoefen op hul rolvoorskrifte vir die predikant, waar die predikant se rol raakvlakke met sosio-politieke aangeleenthede toon. Dit kom dus daarop neer dat wanneer kerk-

raadslede se politieke oortuigings (houdings) verskil, die waarskynlikheid bestaan dat hulle rolvoorskrifte vir die predikant in die oorgangsfase sal verskil. Gevolglik is die volgende hipotese gestel:

*Hipotese 1:*

*H<sub>01</sub>:* Daar bestaan nie beduidende verskille tussen die gemiddelde houdings-tellings vir kerkraadslede wat vir en téén politieke verandering is nie. (Hierdie houdings-tellings raak al ses subskale.)

*H<sub>a1</sub>:* Daar bestaan wel beduidende verskille tussen die gemiddelde houdings-tellings, vir ten minste een van die subskale, vir kerkraadslede wat vir en dié wat téén politieke verandering is.

- (2) Mense wat uit 'n laer sosio-ekonomiese klas afkomstig is, se lewenswyse en lewensuitkyk, waardes en kulturele oorwegings, verskil moontlik van dié van mense wat uit 'n hoër sosio-ekonomiese klas afkomstig is. Aangesien lewensuitkyk en kulturele oorwegings kan verskil, bestaan die moontlikheid ook dat die twee groepe se houdings, en gevolglik hul rolvoorskrifte vir die predikant, sal verskil. Die moontlikheid bestaan dus dat mense wat uit verskillende sosio-ekonomiese groepe afkomstig is, se rolvoorskrifte vir die predikant sal verskil. Met die oog hierop is die volgende hipotese gestel:

*Hipotese 2:*

*H<sub>02</sub>:* Daar bestaan nie beduidende verskille tussen die gemiddelde houdings-tellings vir kerkraadslede wat onderskeidelik in die lae, gemiddelde en hoë sosio-ekonomiese klasse val nie. (Die gemiddelde houdings-tellings het al ses die subskale ingesluit.)

*H<sub>a2</sub>:* Daar bestaan wel beduidende verskille tussen die gemiddelde houdings-tellings (vir ten minste een van die subskale) vir kerkraadslede wat onderskeidelik in die lae, gemiddelde en hoë sosio-ekonomiese klasse val.

- (3) Dit is in 2.2 genoem dat houdings aangeleer word en minder vatbaar is vir verandering namate die persoon ouer word. Wanneer dit aanvaar word dat jongmense in hul vroeë volwassenheid baie meer vatbaar is vir die ontstaan en verandering van houdings, teenoor ouer mense wie se houdings in 'n groot mate gevestig is en wie se houdings meer weerstand teen verandering bied, is dit logies om te verwag dat verskillende ouderdomsgroepe se houdings waarskynlik sal verskil. Een van die redes hiervoor is dat die belangrike houdings in verskillende eras deur 'n verskil in kondisionering en modellering ontstaan het. Ouer kerkraadslede se houdings teenoor anderskleuriges is byvoorbeeld aangeleer en gevorm in die bloeitydperk van apartheid, waarin apartheid deur die regering en NGK as aanvaarbaar beskou is. Aan die ander kant is jonger kerkraadslede waarskynlik meer gekonfronteer met

die wêreldwye veroordeling van apartheid, en die feit dat die die NGK apartheid selfs as sonde verwerp het. Begrippe soos versoening en integrasie is eerder vandag die norm, en die invloed hiervan word waarskynlik in die houdings van jonger kerkraadslede weerspieël. Die moontlikheid bestaan dus dat hierdie twee ouderdomsgroepe se houdings teenoor die veranderinge in die land en kerk, en die predikant se rol in hierdie veranderende Suid-Afrika en NGK sal verskil. Om hierdie rede is die volgende hipotese gestel:

### Hipotese 3:

*Ho3:* Daar bestaan nie beduidende verskille tussen die gemiddelde houdings-tellings (wat al ses vlakke betref) vir jong en ouer kerkraadslede nie.

*Ha3:* Daar bestaan wel beduidende verskille tussen die gemiddelde houdings-tellings (vir ten minste een van die subskaal) vir jong en ouer kerkraadslede.

Hierdie drie hipoteses is deur middel van die empiriese studie ondersoek, en die resultate en gevolgtrekkings word vervolgens bespreek.

## 5. Resultate van die ondersoek

Ter wille van 'n geheeloorsig van die empiriese studie, word die gemiddelde tellings van die totale groep respondente op die verskillende konstrakte (afdelings) van die afhanklike veranderlike in tabel 1 weergegee. Hierdie gemiddelde tellings is verteenwoordigend van die totale groep respondente, voordat die verdeling ten opsigte van die drie onafhanklike veranderlikes gemaak is. Die teoretiese minimum en maksimum telling word aangedui om die interpretasie van die gemiddeldes in beter perspektief te plaas.

Tabel 1: Die gemiddeldes en standaardafwykings van die totale groep respondente

Afhanklike veranderlike	N	M	S	Teoretiese minimum	Teoretiese maksimum
Prediking	170	39,36	8,16	11	55
Gebede	179	25,53	4,78	7	35
Eredienste	180	22,34	6,66	7	35
Kategese	174	35,46	8,56	10	50
Besoekwerk	175	32,80	6,32	9	45
Algemene optrede	179	28,84	6,96	10	50

N = Grootte van groep

M = Gemiddelde telling van die groep

S = Standaardafwyking

Uit die gegewens in tabel 1 blyk dit dat, met die uitsondering van die konstrue algemene optrede, waar die totale groep meer na 'n neutrale houding neig, hulle, wat die ander konstrue betref, 'n redelik positiewe houding openbaar. Die positiewe houding is waarneembaar in die feit dat die konstrue se gemiddelde tellings merkbaar hoër is as wat die teoretiese gemiddeld skyn te wees. Die implikasie hiervan is dat die meerderheid respondente oor die algemeen (met die uitsondering van algemene optrede) 'n positiewe houding in verband met die inhoud van die konstrue openbaar. Die verdeling van die groep in terme van veranderingsgesind of teen verandering gekant, het waarskynlik 'n merkbare invloed op hierdie tendens uitgeoefen. Hierdie tendens is verstaanbaar wanneer in ag geneem word dat die totale groep uiteindelik 'n verdeling van 70% (vir verandering) teenoor 30% (teen verandering) getoon het.

Aangesien drie onafhanklike veranderlikes en ses afhanklike veranderlikes in die ondersoek ter sprake is, is 'n faktoriale variansie-ontleding (MANOVA) gedoen (Bray & Maxwell, 1985). Die resultate van hierdie ontleding verskyn in tabel 2.

**Tabel 2: Die F-waardes, grade van vryheid (V) en beduidendheid (p) van die onafhanklike veranderlikes se effek op die ses rolkategorieë van die predikant**

<b>Onafhanklike veranderlike</b>	<b>F-waarde</b>	<b>V</b>	<b>p</b>
<b>Politieke oortuiging</b>	14,50	6;150	0,0001*
<b>Sosio-ekonomiese status</b>	1,35	12;298	0,1874
<b>Ouderdom</b>	5,59	6;150	0,0001*

Uit tabel 2 blyk dit duidelik dat die kerkraadslede se politieke oortuiging, sowel as hulle ouderdom, 'n beduidende (1% peil) invloed uitoefen op die houding wat hulle openbaar ten opsigte van die ses rolkategorieë vir die predikant wat in die vraelys vervat is. Gevolglik word die nulhipotese vir hipotese 1 en hipotese 3 verwerp. Die afleiding kan dus gemaak word dat die kerkraadslede se politieke oortuiging en ouderdom 'n besliste effek het op die rol wat hulle vir die predikant in 'n oorgangsfase voorskryf. Die nulhipotese van hipotese 2 word egter behou aangesien die berekende F-waarde vir die onafhanklike veranderlike sosio-ekonomiese status nie beduidend op minstens die 5%-peil is nie. Dit blyk dus dat sosio-ekonomiese status as onafhanklike veranderlike nie 'n beduidende invloed gehad het nie, waarskynlik omdat die indeling waarvolgens die sosio-ekonomiese groepe gemaak is nie voldoende omvattend was nie. Die indeling van die groepe is bloot op grond van die gesin se jaarlikse inkomste gemaak, terwyl sosio-ekonomiese status meer as net inkomste omvat.

Aangesien die politieke oortuiging en ouderdom (onafhanklike veranderlikes) van die kerkraadslede (hipotese 1 en 3) 'n beduidende invloed op hul rolvoorskrifte vir die predikant uitgeoefen het, was dit verder nodig om te bepaal presies watter van die rolkategorieë (afhanklike veranderlikes) deur politieke oortuiging en ouder-

dom beïnvloed is. Die resultate is met behulp van 'n eenrigtingvariansie-ontleding gedoen en word nou vir die twee onafhanklike veranderlikes afsonderlik bespreek.

### 5.1 Politieke oortuiging

Die resultate van die variansie-ontleding wat gedoen is ten einde te bepaal op watter rolkategorieë die politieke oortuiging van die kerkraadslede 'n invloed uitgeoefen het, verskyn in tabel 3.

**Tabel 3: Die invloed van die kerkraadslede se politieke oortuiging op die verskillende rolkategorieë van die predikant**

Politieke oortuiging					
Veranderlike	N	M	S	F	p
<b>Prediking</b>					
Vir verandering	124	41,75	6,70	52,76	0,0001*
Teen verandering	46	32,96	8,31		
<b>Gebede</b>					
Vir verandering	131	26,54	4,46	27,78	0,0001*
Teen verandering	48	22,77	4,57		
<b>Eredienste</b>					
Vir verandering	131	24,60	5,36	87,93	0,0001*
Teen verandering	49	16,33	6,08		
<b>Katgeses</b>					
Vir verandering	129	38,19	7,19	78,90	0,0001*
Teen verandering	45	27,64	7,31		
<b>Besoekwerk</b>					
Vir verandering	130	34,45	5,61	45,52	0,0001*
Teen verandering	45	28,04	5,89		
<b>Algemene optrede</b>					
Vir verandering	131	30,95	5,96	58,50	0,0001*
Teen verandering	48	23,08	6,26		

\*  $p \leq 0,0001$

N = Grootte van groep

M = Gemiddelde telling van groep

S = Standaardafwyking

F = F-waarde

p = Beduidendheid

Volgens tabel 3 is dit duidelik dat daar 'n beduidende verskil in die response van die twee groepe (vir verandering en teen verandering) ten opsigte van al die afdelings van die vraelys was. Hierdie verskille was telkens op die 1% peil beduidend. Die politieke oortuiging van die kerkraadslede het dus by al die afdelings 'n duidelike verskil veroorsaak in die twee groepe se rolvoorskrifte vir die predi-

kant op pad na 'n nuwe Suid-Afrika. Aangesien die politieke oortuiging van kerkraadslede 'n invloed op hul voorskrifte ten opsigte van al die rolterreine van die predikant uitgeoefen het, onderstreep dit die belangrikheid van politieke oortuiging wanneer dit by die kerkraadslede se verwagtinge rondom die predikant se rol in 'n veranderende Suid-Afrika kom.

## 5.2 Ouderdom

Die verwerkte resultate van die maandelike invloed wat kerkraadslede se ouderdom op die rolvoorskrifte vir die predikant het, word in tabel 4 weergegee.

**Tabel 4: Die invloed van kerkraadslede se ouderdom op die verskillende rolkategorieë van die predikant**

Veranderlike	N	M	S	F	p
<b>Prediking</b>					
26 en ouer	79	39,91	8,49	0,10	
25 en jonger	91	38,89	7,87		0,7577
<b>Gebede</b>					
26 en ouer	83	25,57	4,82	0,00	
25 en jonger	96	25,50	4,77		0,9610
<b>Eredienste</b>					
26 en ouer	85	21,36	6,83	10,70	
25 en jonger	95	23,22	6,42		0,0013 **
<b>Katgeses</b>					
26 en ouer	81	34,37	8,72	7,75	
25 en jonger	93	36,41	8,35		0,0060 **
<b>Besoekwerk</b>					
26 en ouer	81	32,21	6,47	4,83	
25 en jonger	94	33,31	6,18		0,0292 *
<b>Algemene optrede</b>					
26 en ouer	83	29,42	6,72	0,23	
25 en jonger	96	28,33	7,16		0,6356

\*\*  $p \leq 0,01$

\*  $p \leq 0,05$

Dit blyk uit die resultate in tabel 4 dat daar slegs beduidende verskille in die gemiddelde houdings-tellings van die twee groepe was met betrekking tot die predikant se rol in die erediens en katgeses (1% peil), sowel as besoekwerk (5% peil). Daar kan dus uit hierdie gegewens afgelei word dat kerkraadslede wat 25 jaar en jonger is, se rolvoorskrifte vir die predikant ten opsigte van die erediens,



kategese en besoekwerk verskil van die rolvoorskrifte van kerkraadslede wat 26 jaar en ouer is. Dit wil voorkom asof hierdie drie veranderlikes (prediking, kategese en besoekwerk) kontak-veranderlikes is, in die sin dat die aktiwiteit wat met hierdie veranderlikes gepaard gaan, op kontak tussen die predikant en lidmate, kontak tussen lidmate onderling, en kontak met anderskleurige lidmate neerkom. Dit kan wees dat jonger kerkraadslede 'n groter behoefte aan interpersoonlike kontak het, of meer oop is vir die idee van nouer kontak met die predikant en anderskleurige lidmate.

### 5.3 Gevolgtrekkings

Alhoewel daar aanvaar word dat die resultate nie bloot veralgemeen kan word na alle dele van die land nie, word dit tog van waarde geag, aangesien sekere duidelike tendense uitgewys is. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die rolvoorskrifte van die groep (steekproef) kerkraadslede, in 'n mate veralgemeen kan word na die res van die lidmate, aangesien die kerkraadslede bloot 'n geselekteerde groep lidmate is. Vervolgens word daar dus in die bespreking van die gevolgtrekkings slegs na lidmate verwys, alhoewel die lidmate in die ondersoek deur slegs die kerkraadslede verteenwoordig word. Die afleiding kan gemaak word dat die groep lidmate wat ten gunste van die sosio-politieke veranderinge in die land is (politiees meer liberale groep), oor die algemeen aan die predikant 'n meer aktiewe rol voorskryf in 'n veranderende Suid-Afrika as die groep wat teen die sosio-politieke veranderinge gekant is (politiees konserwatiewe groep). Dit wil voorkom asof die groep wat teen die veranderinge is aan die predikant 'n meer neutrale rol in die oorgangsfase voorskryf, of ten minste van die predikant verwag om in 'n baie mindere mate betrokke te raak by enige inisiatiewe wat in die vraelys gesuggereer is. Die rol wat politiek speel ten opsigte van die rolvoorskrifte van lidmate vir al die predikant se rolterreine kan dus nie onderskat word nie, terwyl lidmate se ouderdom ook 'n rol speel ten opsigte van voorskrifte rondom eredienste, kategese en besoekwerk.

#### \* *Die prediking*

Die veranderingsgesinde lidmate het positief op die vrae in die afdeling gereageer en sal dus van die predikant verwag om in sy *prediking* die riglyne van die Woord konkreet deur te trek na die situasie in Suid-Afrika, sodat hy nie sal skroom om sake soos menseregte, vrede en versoening tussen die verskillende politieke en bevolkingsgroepe in die land, die afwysing van apartheid en rassisme as sonde, en naasteliefde tussen al Suid-Afrika se inwoners, vanaf die kansel aan te raak en in sy boodskap te betrek nie. Bogenoemde inisiatiewe was in die vrae vervat. Die politiees konserwatiewe groep sal aan die ander kant verkies dat die predikant 'n meer neutrale (veilige en gerieflike?) pad in sy prediking sal volg, omdat aktuele en sensitiewe sake in die prediking vir hierdie groep veel groter ongemaklikheid sal veroorsaak.

\* *Diens van die gebede*

Ten opsigte van die predikant se *diens van die gebede*, het dit uit die response op die vrae geblyk dat inisiatiewe soos 'n gesamentlike biduur met 'n swart gemeente, of die betrek van die huishulpe in 'n biduur van die vroue-aksie in die gemeente, vir die veranderingsgesinde groep lidmate meer aanvaarbaar sal wees, terwyl dit 'n groter mate van weerstand by die polities konserwatiewe lidmate sal uitlok. In hul response het dit ook geblyk dat veranderingsgesinde lidmate eerder van die predikant sal verwag om aktief in sy gebede aan al die bevolkingsgroepe in die land aandag te gee, en dat gebede vir vrede en versoening met die oog op 'n gesamentlike toekoms in Suid-Afrika 'n pertinente rol in die bidure en erediens in die gemeente moet speel. Vir die konserwatiewe lidmate, wat oorwegend negatief op die vrae gereageer het, skyn bogenoemde nie 'n prioriteit te wees nie.

\* *Die erediens*

Die predikant kan ten opsigte van die *erediens* verwag dat die veranderingsgesinde, sowel as die jonger lidmate in die gemeente, vir hom groter vryheid sal verleen om inisiatiewe in die erediens te probeer met die oog op die bevordering van begrip, aanvaarding, vrede en versoening tussen veral die verskillende bevolkingsgroepe in die land, sowel as die voorbereiding van die lidmate op die waarskynlikheid van 'n meer geïntegreerde NGK. Uit hul response blyk dit dat die veranderingsgesinde, sowel as die jonger groep lidmate 'n meer positiewe houding sal openbaar teenoor inisiatiewe soos die uitnoui van 'n swart koor na die erediens, of by geleentheid die waarneem van die erediens deur 'n gekleurde predikant, of die moontlikheid van 'n gesamentlike versoeningsdiens tussen 'n blanke en swart gemeente. Die groep lidmate wat as meer konserwatief geklassifiseer kan word, sowel as die groep ouer lidmate se reaksie op die vrae was meer negatief, en hulle sal waarskynlik van die predikant verwag om sy sterk tradisionele rol te behou en die erediens se tradisionele 'kultuur' te beskerm. Enige inisiatiewe wat genoem is, sal waarskynlik deur 'n negatiewe houding en reaksie begroet word, sodat die gebruikelike inkleding van die erediens vir hierdie twee groepe lidmate meer aanvaarbaar sal wees.

\* *Kategese*

Ten opsigte van die *kategese* kan daar uit die response afgelei word dat die veranderingsgesinde lidmate in 'n groter mate van die predikant verwag om onder die jeug 'n voorbereidende rol op 'n nuwe Suid-Afrika en kerklike situasie te speel. Dit sou vir hulle minder problematies wees indien hy deur middel van kontakgeleenthede met anderskleurige jeugaksies vooroordele afbreek en sodoende 'n bydrae lewer om vrede en versoening tussen die jonger lidmate te bewerkstellig, as wat die geval sal wees met polities konserwatiewe lidmate. Die jonger lidmate in die gemeente is ook meer positief ingestem teenoor aktiwiteite wat gemik is op kontak met anderskleurige jeug as wat die geval met die ouer groep lidmate is. In die formele kategese-onderrig is daar dus ook moontlikhede om die relevansie te

benut van begrippe soos versoening en aanvaarding, die beleidstuk *Kerk en samelewing*, en gespreksonderwerpe wat die moontlikheid van 'n geïntegreerde kerk voorberei. Die predikant sal dus in 'n gemeentelike situasie wat oorwegend veranderingsgesind is, 'n groter mate van inisiatief kan gebruik om die jeug in die kategese op 'n toekomstige nie-rassige land en kerk voor te berei, terwyl hy kan verwag dat 'n gemeente wat oorwegend bestaan uit lidmate wat teen verandering gekant is, van hom sal verwag om meer beskermend teenoor die jeug op te tree, en die jeugaksies meer eksklusief te hou.

\* *Besoekwerk*

Ook ten opsigte van die rolvoorskrifte vir die predikant se *besoekwerk* in die gemeente het dit geblyk dat daar 'n positiewer houding bestaan oor die moontlike inisiatiewe wat in die vraelys genoem is onder die veranderingsgesinde, sowel as onder jonger lidmate, as wat daar onder die konserwatiewe, sowel as ouer lidmate is. Die implikasie hiervan is dat 'n aktiewe rol, waarin die predikant ook swart inwoners en lidmate in die woongebied uitnooi en betrek by die gemeentelike aktiwiteite, sowel as die moontlikheid dat hy meer aandag in sy huisbesoek gee aan swart huisbediendes en werkers wat in die gemeente aanbly, vir die veranderingsgesinde, sowel as vir jonger lidmate, meer aanvaarbaar sal wees as vir die konserwatiewe, sowel as ouer lidmate. Dieselfde geld ten opsigte van die moontlikheid dat die predikant tydens huisbesoek van die aktuele sake in die kerk, soos onder andere die beleidstuk *Kerk en samelewing*, of die verwerping van die ideologie van apartheid as sonde, tydens huisbesoekgeleenthede in sy gesprekke sal betrek.

\* *Algemene optrede*

Wat die rolvoorskrifte vir die predikant se *algemene optrede* betref, dui die response op die vrae daarop dat hy kan aanvaar dat lidmate wat teen verandering in die land en kerk gekant is, van hom sal verwag om in 'n groot mate sy neutrale rol te behou, sodat dit nie vir hom nodig sal wees om op 'n konkrete wyse versoening tussen verskillende bevolkingsgroepe te stimuleer, en vrede en aanvaarding tussen lidmate van verskillende bevolkingsgroepe te bevorder nie. Lidmate wat veranderingsgesind is, sal egter 'n meer positiewe houding openbaar teenoor konkrete inisiatiewe van die predikant om vrede, versoening, begrip en aanvaarding tussen lidmate van verskillende politieke oortuigings en bevolkingsgroepe te bevorder. Die predikant sal dus in hierdie opsig groter vrymoedigheid kan neem in 'n oorwegend veranderingsgesinde gemeente as wat die geval sou wees in 'n meer konserwatiewe gemeente.

## 6. Opmerking

Dit blyk dat die situasie in Suid-Afrika vir bepaalde inisiatiewe vanaf die kerk vra. Sodanige inisiatiewe is nodig ten einde mee te werk om vrede en versoening

– begrippe wat binne 'n Christelike konteks groot betekenis het – te bewerkstellig in 'n land wat homself in 'n oorgangsfase na 'n geïntegreerde samelewing en gemeentes bevind. As die kerk dit nie doen nie, staar hy die gevaar in die gesig om homself as irrelevant in 'n veranderende samelewing te bewys. Die leraar, as leier in die gemeente waar kerke wees ontvou, is die persoon van wie die inisiatiewe in 'n groot mate afhanklik is. In hierdie opsig sal hy vir homself vrede moet kry oor sy eie rol in die genoemde oorgangsfase. Dit word ook nie betwyfel dat sy eie politieke oortuiging hierin 'n baie groot rol gaan speel nie. Wat egter ook vir hom belangrik is, is om die lidmate se rolvoorskrifte in hierdie verband in ag te neem. Binne die konteks van die studie is dit uitgewys dat hy veral op die politieke oortuiging en ouderdom van die lidmate ag kan slaan, aangesien hierdie twee veranderlikes 'n definitiewe invloed op hul rolvoorskrifte vir die predikant in die genoemde oorgangsfase uitoefen.

## **7. Aanbevelings**

Op grond van die resultate van die studie en die gevolgtrekkings wat daaruit gemaak is, word die volgende aanbevelings vir die leraar gemaak:

- \* Die predikant sal aktief kennis moet neem van die feit dat Suid-Afrika oor die afgelope paar jaar sosio-politieke veranderinge beleef het en tans in 'n oorgangsfase na 'n waarskynlik geïntegreerde samelewing verkeer. Hierdie veranderinge en oorgangsfase stel besondere eise aan die inwoners van die land – eise wat op 'n manier hanteer moet word, aangesien mense vrese en vrae oor die toekoms beleef.
- \* Die predikant moet besef dat ook die NGK die effek van hierdie veranderinge voel, en self veranderinge ondergaan het – verandering wat onder lidmate vrae en in sommige gevalle verdeeldheid laat ontstaan het. Die hele situasie waarin die land en die kerk op die oomblik verkeer, vra vir 'n bydrae van die kerk en die predikant. Hierdie bydrae is veral gerig op die bewerkstelling van begrip, aanvaarding, vrede en versoening in die oorgangsfase na 'n geïntegreerde samelewing en kerk.
- \* Die predikant behoort daarom selfondersoek in te stel ten einde vir homself duidelikheid te verkry watter bydrae hy in die genoemde oorgangsfase deur middel van sy rol as predikant in die gemeente kan speel.
- \* Hy moet verder kennis neem van die feit dat kerkrade en lidmate verskillende houdings oor die veranderinge en waarskynlike integrasie openbaar, en gevolglik verskillende verwagtinge het oor onder andere die rol wat die predikant veronderstel is om in die oorgangsfase te speel.
- \* In hierdie opsig behoort hy daarop te let dat veral die politieke oortuiging en ouderdom van die lidmate 'n bepaalde invloed uitoefen op die rol wat hulle vir hom in 'n oorgangsfase voorskryf. Dit sou dus vir hom van waarde wees

om 'n politieke en ouderdomsprofiel van die gemeente te verkry ten einde sy eie rolbepaling vir homself te vergemaklik.

- \* Daarom word aanbeveel dat 'n predikant wat homself in 'n oorwegend veranderingsgesinde gemeente bevind, homself daartoe sal bring om 'n meer aktiewe rol as predikant in die oorgangsfase te speel, aangesien dit vir die grootste gedeelte van die gemeente aanvaarbaar behoort te wees, en die situasie in die land en kerk daarvoor vra. In hierdie opsig sal 'n predikant wat homself in 'n oorwegend konserwatiewe gemeente bevind, sy rol in die oorgangsfase met groter versigtigheid moet benader, aangesien hy 'n groot gedeelte van die gemeente deur sy optrede kan vervreem.
- \* Dit word verder aanbeveel dat die jeug in die gemeente die aanvanklike teikengroep vir die predikant se inisiatiewe moet wees, aangesien hierdie groep lidmate meer vatbaar is vir houdingsverandering, en veral meer positief gestem is oor kontak met onder andere anderskleurige lidmate. Hierdie groep lidmate is die toekoms van die land en die kerk, en die openheid tot houdingsverandering beteken dat hierdie groep lidmate sinvol voorberei kan word op 'n postapartheidsamelewing en -kerk. Om hierdie jonger lidmate van die werklikhede van 'n veranderende Suid-Afrika weg te hou en te vervreem, sal uitloop op 'n ontugtering en 'n groot aantal NGK-lidmate wat nie voorberei is op die rol wat hulle as Christen-gelowiges in 'n nuwe Suid-Afrika sal moet vervul nie.
- \* Daar word ook aanbeveel dat die predikant die ondersteuning en goedkeuring van die kerkraad verkry vir die inisiatiewe wat hy wil implementeer, en dat hy 'n balans sal moet handhaaf ten einde nie sy eie terrein te oorskry en die terrein van die politiek te betree nie. Omdat 'n politieke oplossing egter so hoog op Suid-Afrika se agenda is, is dit verstaanbaar dat alle aspekte van die samelewing in 'n groter mate as normaalweg verpolitiseer is. In hierdie opsig is daar ook meer raakvlakke tussen die kerk en die politiek as wat normaalweg die geval sou wees, en selfs aanvaarbaar sou wees. Die huidige oorgangsfase na 'n nuwe Suid-Afrika vra dus meer van die kerk en die predikant as wat andersins die geval sou wees, veral vir inisiatiewe rondom vrede, versoening, wedersydse kontak en aanvaarding van mekaar en ander.
- \* NGK leraars kan hul daarom nie afsluit van die werklikhede van 'n oorgangsfase, deur steeds in 'n geïsoleerde, irrelevante bestaan te bly voortleef, en bloot met 'n veilige en neutrale rol as predikant in 'n dinamies veranderende Suid-Afrika tevrede te wees nie. Die uitdaging is om met die wysheid van Bo te streef na 'n relevante en betekenisvolle bydrae as leraar in die oorgangsfase na 'n geïntegreerde gemeenskap en kerk.

## Bibliografie

- ALLPORT, G.W. 1967. Attitudes. (In Fishbein, M., ed. Readings in Attitude Theory and Measurement. New York : Wiley. p. 8.)
- ANON. (a). 1990. Extracts from "Church and Society 1990" – The Policy Document of the Dutch Reformed Church. *DRC News*, 15(2):1-4.
- ANON. (b). 1990. Onrus oor Rustenburg. *Die Kerkbode*: 1-2, Nov. 23.
- ANON. (c). 1990. Church Has an Urgent Task for Peace in South Africa. *DRC News*, 15(1):4-5.
- BARON, R.A. & BYRNE, D. 1991. Social Psychology. Understanding Human Interaction (6th ed.). Massachusetts : Allyn & Bacon.
- BRAY, J.H. & MAXWELL, S.E. 1985. Multivariate Analysis of Variance. London : Sage Publications.
- BULGER, P. 1991. Guiding the Church's Contribution to Society. *Business Day*: 10, January 25.
- CONTRERAS, J. 1991. To Share or Not To Share. *Newsweek* : 24, December 23.
- CONTRERAS, J. & WHITMORE, J. 1991. Toppling the Last Pillars. *Newsweek*: 32-34, February 11.
- CRONBACH, L.J. 1951. Coefficient Alpha and the Internal Structure of Tests. *Psychometrika*, 16:197-334.
- EMERSON, T., CONTRERAS, J. & GETZ, A. 1992. De Klerk's Gamble. *Newsweek*: 10-15, March 2.
- ESTERHUYSE, W. 1991. Roeringe op die Christelike toneel. *Finansies en Tegniek*: 18, Junie 21.
- GERDES, L.C. 1988. Die ontwikkelende volwassene. Durban : Butterworths.
- GREENWALD, J. 1991. The Twilight of Apartheid. *Time*: 50-51, February 11.
- HANSARD  
*Kyk*
- SUID-AFRIKA (Republiek). Parlement 1990.
- HEYNS, J.A. 1991. Ons eilandbestaan. Dit moet deurbreek word, ter verryking van almal. *Beeld*: 12, Maart 19.
- HUBER, W. 1991. The Role of the Church in Situations of Transition. *Journal of Theology for Southern Africa*: 14-20, March.
- HUYSAMEN, G.K. 1978. Beginsels van sielkundige meting. Pretoria : Academica.
- JOHNSON, J.L. 1980. The Ministry Can be Hazardous to Your Health. *Leadership*, 1:33-38.
- JOHNSON, S. 1993. Khaki-Boys of Kempton Park Need More Than Armoured Car. *The Star*: 10, June 26.
- KELLERMAN, J.S. 1988. Predikant – Realistiese rolverwagtings. *Fax Theologica*, 8(2):1-13.
- KINGHORN, J. 1990. On the Theology of Church and Society in the DRC. *Journal of Theology for Southern Africa*: 21-36, March.
- MACE, D.R. & MACE, V.C. 1982. Marriage Enrichment for Clergy Couples. *Pastoral Psychology*, 30:151-159.
- MACLENNAN, J. 1991. Churches Can Help to Heal SA's wounds. *The Sunday Star*: 12, March 31.
- NAUDÉ, B. 1991. Watcog of Justice and Democracy. *New Nation*: 21, January 21.
- NEDERDUIITSE GEREFORMEERDE KERK 1986. *Kerk en samelewing*. 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Bloemfontein : NG Sendingspers.
- NEDERDUIITSE GEREFORMEERDE KERK 1990. *Kerk en samelewing* 1990 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Bloemfontein : NG Sendingspers.

- PIETERSE, H.J.C. 1991. Credibility and the Communicative Power of the Church in South Africa. *Scriptura*, 38:1-9.
- ROSSOUW, P.J. 1990. Pastorale sorg aan beswaardes en ongeduldiges. (In Rossouw P.J., red. Die bediening van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika. Bloemfontein : NG Sendingpers. p. 89-116.)
- SMIT, J.H. 1990. Die getuienis van *Kerk en samelewing* in die normale gemeentebediening. (In Rossouw P.J., red. Die bediening van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika. Bloemfontein : NG Sendingpers. p. 73-87.)
- SUID-AFRIKA (Republiek). Parlement. 1990. Debatte. Tweede sessie – Negende parlement, 2-9 Februarie. Pretoria : Staatsdrukker. p. 2-18.
- VAN DER LINDE, I. 1990. Politieke ontvlugting nou in kerk te bespeur. *Insig*: 19-20, April
- VAN DER MERWE, P.J. 1990. Die Nederduitsch Hervormde Kerk en sy bediening in 'n toekomstige Suid-Afrika: Die visie van "kerk en wêreld 2000". *Hervormde Teologiese Studies*, 46(4):672-689.
- VAN NIEKERK, S. 1993. Jillende skare nes bokke wat uit hok storm. *Beeld*, 2, 26 Junie.
- VAN VUUREN, S.M. 1990. Die verband tussen sekere persoonlikheidseienskappe en werks-tevredenheid by die predikant. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

